2018/10/19
08:28 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2018/10/19 | DATUM 2018/10/18 | | | + - LAST WEEK 2018/10/09 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 25379 | -327.23 | -1.3% | 25707 | -4.2% | 26487 |
| Goud (Spot) | 1227.25 | 4.57 | 0.4% | 1222.68 | 3.1% | 1190.92 |
| Brent $/vat | 78.72 | -1.57 | -2.0% | 80.29 | -6.0% | 83.76 |
| 1 € / US$ | 1.1467 | 0.00 | -0.2% | 1.1487 | 0.0% | 1.1468 |
| 1 US$ / ZAR | 14.34 | 0.120 | 0.8% | 14.22 | -3.3% | 14.83 |
| Corn | R 2 092.17 | -2 | -0.1% | R 2 093.70 | *CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day | |
| Wheat | R 2 703.02 | 7 | 0.3% | R 2 696.08 | * CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day | |
| Soybeans | R 4 549.30 | -64 | -1.4% | R 4 613.64 | * CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day | |

| BY DIE GELD PUT OPSIE | | | |
|---|---|---|---|
| | WM | YM | |
| JUL '19 TERMYNPRYS | R 2 539.00 | R 2 512.00 | |
| PUT TREFPRYS | R 2 540.00 | R 2 520.00 | |
| PUT PREMIE | R 237.96 | R 216.67 | |
| MIN SAFEX PRYS | R 2 302.04 | R 2 303.33 | |

| WEEK NR. | MIELIE UITVOERE | | |
|---|---|---|---|
| 24 | WM | YM | TM |
| WEEK TOTAAL | 4 419 | 25 570 | 29 989 |
| JTD TOTAAL | 169 837 | 1 263 099 | 1 432 936 |
| UITVOERBAAR | 1 550 000 | 2 455 000 | 4 005 000 |
| JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 11% | 51% | 36% |
| TEMPO/WEEK BENODIG | 49 292 | 42 568 | 91 859 |
| | MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS | | |
| WEEK TOTAAL | 18 335 | 14 728 | 33 063 |
| JTD TOTAAL | 6 112 134 | 5 373 598 | 11 485 732 |
| NOK SKATTING + REGSTELLINGS | 6 601 560 | 5 779 650 | 12 381 210 |
| % GELEWER VAN OES | 93% | 93% | 93% |
| TEMPO /WEEK BENODIG | 24 471 | 20 303 | 44 774 |
| | KORING INVOERE | | |
| | 2018/19 | 2017/18 | 5 Jr. GEM |
| WEEK TOTAAL | 12 557 | 84 743 | 76 239 |
| JTD TOTAAL | 17 133 | 119 509 | 94 170 |
| TOTAAL BENODIG | 1 400 000 | 2 176 546 | 1 727 637 |
| JTD AS % VAN BENODIG | 1% | 5% | 5% |

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Corn Dec 18 | 370.60 | -3.40 | -0.9% | 374.00 | Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit | |
| Wheat Dec 18 | 513.00 | -3.00 | -0.6% | 516.00 | | |
| Soybeans Nov 18 | 863.40 | -19.60 | -2.2% | 883.00 | | |
| PLAASLIKE MARKINLIGTING | | | | | Invoerpariteit | Uitvoerpariteit |
| SORGHUM Mar '19 | 3600.00 | 0.00 | 0.0% | 3600.00 | 3727.00 | 2020.00 |
| WMAZ Spot | 2374.00 | -6.00 | -0.3% | 2380.00 | 3833.00 | 2034.00 |
| WMAZ Dec 18 | 2401.00 | -15.00 | -0.6% | 2416.00 | 3554.00 | 2034.00 |
| WMAZ Jul 19 | 2539.00 | -16.00 | -0.6% | 2555.00 | 3693.00 | 2170.00 |
| YMAZ Spot | 2395.00 | -20.00 | -0.8% | 2415.00 | 3554.00 | 2034.00 |
| YMAZ Dec 18 | 2430.00 | -17.00 | -0.7% | 2447.00 | 3554.00 | 2034.00 |
| YMAZ Jul 19 | 2512.00 | -12.00 | -0.5% | 2524.00 | 3693.00 | 2170.00 |
| SOY spot | 4610.00 | -8.00 | -0.2% | 4618.00 | 6238.00 | 4150.00 |
| SOY May 19 | 4850.00 | 8.00 | 0.2% | 4842.00 | 7526.00 | 5402.00 |
| SUN Spot 18 | 4994.00 | -1.00 | 0.0% | 4995.00 | 6273.00 | 4668.00 |
| SUN May 19 | 4937.00 | 33.00 | 0.7% | 4904.00 | 7526.00 | 5402.00 |
| WHEAT spot 18 | 4365.00 | 8.00 | 0.2% | 4357.00 | 4853.00 | 4533.00 |
| WHEAT Dec 18 | 4454.00 | 3.00 | 0.1% | 4451.00 | 4912.00 | 4592.00 |
| WHEAT Mar 19 | 4573.00 | -4.00 | -0.1% | 4577.00 | 5012.00 | 4692.00 |

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Mark Oorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R14.34/$ en het weer skerp verswak vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting ve rhandel het. Die mynbou sektor se uitset data vir Augustus is gister bekend gemaak en daar was 'n redelik groot jaar op jaar daling in die uitset van die mynbedryf aangekondig. Die daling in die uitset van die mynbou sektor sal 'n negatiewe impak hê op die ekonomiese groei vir die 3de kwartaal wat glad nie gunstig is vir die land as geheel nie. Die land is reeds in 'n tegniese resessie nadat die eerste 2 kwartale van die jaar negatiewe groei getoon het. Dis baie belangrik dat die ekonomie in SA weer sterker moet begin groei aangesien dit baie van die ander onderliggende faktore soos byvoorbeeld die hoë werkloosheid sal aanspreek. Die ander sektore wat ook 'n groot rol in die totale BBP prentjie speel se uitset data tot dusver vir die 3de kwartaal van 2018 lyk redelik goed en hierdie sektore kan die ekonomiese groei stimuleer ten spyte van die moeilike omstandighede in die mynbou sektor.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliemark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag nadat daar gister teleurstellende uitvoerverkope vir die week aangekondig was. Die weerstoestande is ook droër en meer gunstig vir die stroop proses om teen 'n goeie tempo plaas te vind wat bygedra het tot die druk op die pryse. Beide die Desember en Maart kontrakte het laer gesluit vir die dag. In gister se weeklikse uitvoerverkope verslag wat deur die USDA gerapporteer is, is aangedui dat die weeklikse uitvoerverkope van mielies slegs ongeveer 383 500 ton bereik het. Dit was minder as die helfte van die vorige week se gerapporteerde uitvoere en ook minder as die helfte van die gemiddelde weeklikse handelsverwagtinge wat in die mark was. Die uitvoerverskepings wat vir die week gerapporteer was is 1.1 miljoen ton. Alhoewel dit aansienlik beter is as die uitvoerverkope verslag was dit steeds laer as die gemiddelde tempo wat benodig word om aan die jaarlikse USDA skatting te voldoen. In ander internasionale nuus het Sjina ongeveer 3.2 miljoen ton se staatsreserwe mielies op 'n veiling verkoop wat ongeveer 81.1% is van die totaal wat te koop op die veiling aangebied was. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister meestal onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande van beide wit en geelmielies wat tans gelys is. In gister se weeklikse uitvoerverslag wat deur SAGIS bekend gemaak was is die WM uitvoere op 4 419 ton vir die week gerapporteer en die YM uitvoere op 25 570 ton. Die totale uitvoere vir die seisoen tot dusver is 1.43 miljoen ton. Daar is 'n verdere 277 771 ton se uitvoere wat geboek is tot en met die eerste week van Desember.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ook onder druk gekom as gevolg van lae uitvoerverkope, verslae wat 'n daling in die Sjinese invoere vir die seisoen aandui asook die gunstige toestande vir die stroop proses om voort te gaan. Beide die November en Januarie kontrak het ongeveer 2.5% gedaal vir die dag. Die weeklikse uitvoerverkope wat gister gerapporteer was is ongeveer 297 000 ton. Die totale uitvoerverkope vir die week is aansienlik laer as die vorige week se uitvoerverkope en ook aansienlik laer as wat die weeklikse handelsverwagtinge in die mark was. Die uitvoerverskepings wat gister gerapporteer is, was 1.15 miljoen ton wat effens hoër was as die weeklikse tempo wat benodig word om aan die jaarlikse USDA skatting te voldoen. Die meeste van die Amerikaanse sojabone wat tot dusver uitgevoer is, is na onbekende bestemmings toe. Die verwagting in die mark is dat Sjina se sojaboon invoere vir die 4de kwartaal van 2018 ongeveer 25% laer behoort te wees as verlede jaar se invoere wat sal veroorsaak dat Sjina se invoere 'n 12 jaar laagtepunt bereik tydens hierdie tydperk. Sjina is verantwoordelik vir ongeveer 60% van die wêreld se sojaboon invoere. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister nie groot prysbewegings getoon nie en die mark het redelik naby aan onveranderd gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmark het gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag as gevolg van 'n oorspoel effek vanaf d ie mielie en sojaboonmark. Al drie die Amerikaanse koringmarkte het laer gesluit vir die dag gister. In gister se weeklikse uitvoerverkope verslag is die weeklikse uitvoerverkope van koring op 476 000 ton gerapporteer wat meer is as die vorige week se gerapporteerde uitvoerverkope. Dit was ook effens meer as die gemiddelde handelsverwagtinge vir die week. Die uitvoerverskepings wat gerapporteer was is 492 600 ton en dit was laer as die weeklikse gemiddeld wat benodig word om aan die jaarlikse USDA skatting te voldoen. Die Filippyne is steeds die grootste aankoper van Amerikaanse koring vir die 2018/19 seisoen tot dusver. In ander internasionale nuus het die Sjina ongeveer 6.450 ton se staatsreserwe koring op 'n veiling verkoop wat ongeveer 0.8% van die totaal was op die veiling aangekoop was. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister effens hoër tot byna onveranderd gesluit vir die dag. Die koring invoertarief van R490.70/ton is gister in die Staatskoerant aangekondig. Dit is die nuutste getriggerde tarief tans. Die koring invoere vir die week was 12 557 ton

**Plaaslike Markinsigte & Data:** www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
**Internasionale Markinsigte & Data:** www.usda.co.za

***Opgestel deur** Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / **Vir navrae, kontak**: luan@grainsa.co.za*

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*